

AFRIKAANSE
SPREEKWOORDE
GESEGDES, ens.

met 'n kort verklaring van die betekenis
en die Engelse ekwiwalent

deur

M. S. B. KRITZINGER, M.A.,

A. M. M. DE VILLIERS

en

E. J. PIENAAR, B.A.

Derde, hersiene en vermeerderde druk.

Uitgewers:

J. L. VAN SCHAİK, BEPK. — PRETORIA.

1927.

*Bilingual Education and
Nationalism.*

with Special Reference to South Africa
by Dr. A. J. Aucamp.

Die outeur het deur studie en reise die vraagstuk van tweetaligheid in Wallis, Skotland, Ierland, Kanada, België en Suid-Afrika ondersoek en die resultaat is die eerste samevattende werk van hierdie aard. Die vergelykende studie is van die grootste waarde vir ons. (Die Burger).

10/6.

*The Language Medium
Question.*

the relation between language and thought as illustrated by the experience of teaching through a foreign medium.

by C. H. Schmidt, M.A., B.Litt. (Oxon.)
Lecturer in Psychology, Grey University College,
Bloemfontein.

Price 5/-.

('n Wetenskaplike ondersoek na die brandende voertaalvraagstuk is van groot waarde, want alleen deur die afdoende bewyse van praktiese toetse, soos die skrywer toegepas het, kan die massa van wanvoorstellings wat oor die onderwerp in omloop is, ontsenu word.)

Ons Geselstaal.

'n Oorsig van gewestelike Sprak soos Afrikaans
gepraat word,

deur G. R. von Wielligh,

met 'n Inleiding van en nagesien deur
Prof. J. J. Smith.

Prys 10/6.

J. L. VAN SCHAİK BPK., PRETORIA

VOORWOORD BY DIE EERSTE DRUK.

Dis 'n probeerslag hierdie. Die veld is so ruim, dat 'n enig-sins volledige handboekie alleen saamgestel kan word met die hulp van belangstellendes uit verskillende dele van ons land, en dit eers na jare van inspanning en vlytige bymekaarmaak.

Die Afrikaner hou van sulke uitdrukkings. Luister maar na die lewendige verhaaltrant van die ongeleerde, plattelandse Boer en ons sal gou uitvind, dat die geheim van sy kuns toegeskryf moet word aan sy skilderende spreekwoorde, uitdrukkings en vergelykings.

Dis die dingetjies wat die toehoorder kielie! En wie kan beweer dat dit 'n blote pronkery is en net die storie rek?

Daar bestaan reeds 'n spreekwoordeboekie, nl. **Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyse** van P. I. Hoogenhout en J. J. A. Schoeman, maar hierdie een wou 'n bietjie meer gee.

Afrikaans word meer en meer populêr. Ons Engelssprekende medeburgers voel ook die behoefte, om met die ander offisiële taal kennis te maak. Vandaar dat ons probeer het om naas die kort, maar na ons hoop, saaklike betekenis van die spreekwoord, ook die Engelse ekwiwalent of 'n vertaling te gee. Dit was die moeilikste gedeelte van die werk, en dit het ons ook op meer as een plek lelik noustrop laat trek!

Volledig en volmaak is die werkie seker nie.

Baie spreekwoorde leef in verskillende vorms in ons land. Onder plaaslike en ander invloede het hulle verskillende betekenisse aangeneem. So sal meer as een persoon nie eers die vorm, wat hy as algemeen bekend beskou, hierin aantref nie. Maar met u hulp geagte leser, hoop ons om geleidelik die nodige aanvullings te maak.

'n Groot gedeelte van ons spreekwoordeskat is erfgoed. Daarom was dit moeilik om oral 'n duidelike streep tussen die geldende vorm in Afrikaans en die boekvorm in Nederlands te trek. Baie is seker na analogie gevorm. Ons kan egter ook nie help om te dink nie, dat die eerste gebruiker van die afwykende (?) vorm ook maar "**die klok hoor lui het, sonder om te weet waar die bel hang**".

Vir die taalvorser en die student van Afrikaans is sulke dinge belangrik en hoogs interessant, maar dit help nie om hier oor die vorm te stry nie. Die beste sal nog wees as elke gebruiker ons wil help, om die ander vorms ook in hande te kry. Ons wil dan ook met dié doel 'n allerernstige en goedgemeende beroep op elkeen maak—die leerlinge nie uitgesluit nie. Laat **H e l p m e k a a r** ook hier ons wagwoord wees. As twee hande mekaar was, dan word hulle albei skoon. Stuur dan asb. alle raad en hulp aan die eerste samesteller, T.U.K., Pretoria.

Die Afrikaner-volk is nog altyd as godsdienstig beskou en as ons dink dat die ou Statebybel nie alleen die spelboek nie, maar ook die hoogste wetboek van die Voortrekkers was, dan is dit gladnie snaaks, om baie spreekwoorde wat direk aan die Bybel ontleen is, in ons taal aan te tref nie. Hulle is baie bekend en daarom het ons net 'n paar grepe daaruit gemaak.

Verder het 'n paar anglisismes, of wat daarvoor kan deurgaan, ook hulle plekkie in die versameling gekry. In seker dele van ons land krioel dit van hierdie soort uitdrukkings. Ander weer is taamlik letterlike vertalinge met allerlei puristiese eenaardighede. Gelukkig party is verdienstelik verafrikaans en is springlewendig.

'n Paar woorde oor die raadpleeg van die boekie.

Langsaan, in vet gedruk, word meer of min die hoofwoord aangegee. Gewoonlik is dit 'n selfstandige naamwoord. 'n Vaste reël kon ons nie neerlê nie, want daar sal wat die hoofwoord betref, altyd verskil van opinie wees. Om die naslaan te vergemaklik het ons een spreekwoord soms onder verskillende hoofwoorde gerangskik. Dit lyk na doellose herhaling, maar dit is seker alles behalwe aangenaam om keer op keer, as 'n mens haastig is, met die handige woordjie **kyk** op 'n ander snuffelspoor gebring te word. "Kyk" moes egter op party plekke diens doen.

By die selfstandige naamwoord het ons in die reël die enkelvoudige vorm aan die kant gegee, b.v. **oë** val onder **oog**. Waar 'n samegestelde woord die hoofwoord is, word hy in die reël, onder die eerste deel van die samestelling gereken. By die werkwoorde word die verlede deelwoord gewoonlik onder die gewone vorm van die woord gegee. Orals kon ons dit egter nie doen nie.

Ons bring hierdie werkie op die mark al is ons meer as enige ander persoon bewus van sy onvolmaaktheid. Soos gesê: Ons maak staat op elke goedgesinde gebruiker. Verder kan dit belangstelling wek vir ons eie, wat dikwels verwaarloos word, net omdat dit nie van oorkant die seewater kom nie.

Dit sal seker die weg baan vir die groot etimologiese Spreekwoordeboek, wat glo in voorbereiding is. Hierdie werkie sal dan seker ook nog so 'n bietjie kan help, want uit die aard van die saak sal die groter en kosbaarder een nie vir almal toeganklik wees nie. En 'n kennismaking met ons eie spreekwoorde sal vir die student en leerling altyd noodsaaklik wees. Dié kennis kom mos ook nie vanself nie.

DIE SAMESTELLERS.

Pretoria, Augustus, 1922.

VOORWOORD BY DIE TWEDE DRUK.

Dis nie 'n blote herdruk van die oorspronklike werkie nie.— Ons het veral probeer, om foute reg te maak en die Engels te verbeter. Maar die laaste is nie so maklik as dit lyk nie, veral waar ons met spesifiek Afrikaanse spreekwoorde te doen het. En juis vir die Engelssprekende is dit van belang om 'n ekwiwalent of 'n vertaling te hê.

Al die “plat” uitdrukkings is ook nie uitgelaat nie; want wat in een deel van ons land “plat” klink, word in 'n ander deel in die voorkamer gebruik. En daarby is baie van hulle só eg Afrikaans, só springlewendig en raak, dat ons dit nie oor ons hart kon kry om hulle te skraap nie.

Verder het 'n paar honderd spreekwoorde bygekom, danksy die vriendelike medewerking van 'n groot aantal gebruikers. Dis seker onnodig om name te noem, maar ons is spesiale dank verskuldig aan mnr. J. T. V. Britz en J. S. Malherbe vir 'n mooi klomp nuwe spreekwoorde wat hulle gestuur het. Maar ook aan al die ander medewerkers: Baie dankie!

Daarby hoop ons, dat die belangstelling hierdie keer nog groter sal wees, want om 'n verteenwoordigende en taamlik volledige spreekwoordeboek te kry, is die samewerking van elke liefhebber van ons taal van belang. En almal k a n help.

M.S.B.K.

T.U.K., Pretoria,
Mei, 1925.

BY DIE DERDE DRUK.

'n Woord van hartlike dank aan almal wat weer saamgewerk het om hierdie nuwe druk uit te brei en van seker foute te suiwer. Ongelukkig het ons 'n klompie spreekwoorde te laat ontvang om hier daarvan gebruik te maak. Die Engels is veral grondig hersien, danksy die gewaardeerde medewerking van Mnr. F. St. C. Fearon, B.A. (Oxon.) van Kaapstad.

M.S.B.K.

T.U.K., Pretoria,
Februarie, 1927.